

29 November

Spreeke 4:20-27

(Teks: 4:23)

Bewaar jou hart

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

Die Christelike godsdiens is ten diepste 'n godsdiens van die hart

Volgens die Bybel is die hart die sentrum van die mens se denke. Jou hart is soos die bron waaruit 'n rivier ontspring. As daar by die bron van 'n rivier gif is, sal die hele rivier giftig word. Die gif in die water van die rivier sal nooit weggeneem kan word as dit nie by die oorsprong van die rivier gesuiwer word nie.

Jesus het self gesê: "Al die slegte dinge kom van binne af en dit maak die mens onrein" (Mark 7:21-23).

Aan die ander kant As jy in jou hart die Ewige Lewe ontvang het, dan word dit soos strome van lewende water wat uit jou binneste vloei.

Wedergeboorte - wat die begin van die nuwe lewe is - beteken dat die Here jou 'n nuwe hart gee.

'n Mens kan 'n ywerige lidmaat van die kerk wees, allerhande godsdienstige pligpleginge stiptelik nakom, maar dan is dit alles nog bloot skynheilige vroomdoenery. So was die Fariseërs. God laat Hom nie daardeur bluf nie. Jesus het gesê: "Die wat rein van hart is, sal God sien."

Sonder 'n wedergebore hart is jy magteloos om jou hart te bewaar. Maar, as God jou 'n nuwe hart gee, dan stort hy in jou die wil om te doen wat Hom behaag. Daarom is dit die belangrikste sekerheid wat iemand ooit kan hê: Die sekerheid dat God jou 'n nuwe hart gegee het.

Hoe weet 'n mens of jy 'n nuwe hart ontvang het? Die Bybel en ons Belydenisskrifte sê die merktekens van 'n ware Christen is die volgende: Slegs iemand wat waarlik glo dat Jesus Christus ook sy persoonlike Verlosser is, wat sonde haat en daarvoor vlug na Jesus Christus toe, is iemand wat reeds 'n nuwe hart ontvang het.

Sing Psalm 40:4

Dr. P.J. Buys (KwaNdebele)